

10 Julie

**Skrifgedeelte: Psalm 99 en 100**  
**Fokusgedeelte: Psalm 100**

### **Lof en blydschap wyd en ver**

Die Here moet hier op aarde in die wydste kring geloof word. Almal moet Hom eer. Psalm 100 is 'n omvattende oproep om met blydschap in die Here te jubel!

Waarom? Die diepste rede word in die hart van die Psalm gegee: Die Here is God en ons is Syne (vers 3). Die Here is die lewende God wat alles gemaak het. Maar as die Psalm digter sê: "Hy het ons gemaak en ons is Syne", dan het die woord "gemaak" 'n baie besondere betekenis. Dan word verwys na die verlossingsdade van die Here waardeur Hy vir Hom 'n eie volk berei het. In die Nuwe Testament word dit so gestel: 'n Gemeente wat Hy vir Hom verkry het "deur die bloed van sy eie Seun" (Hand 20:28).

Sy lof moet by sy eie volk, by sy eie gemeente verkondig word. Die samekoms van die gemeente is die "plek" waar sy lof moet opklink. Om "voor Hom" te kom, deur "sy poorte" in te gaan en in "sy tempel" te kom, wys alles na die samekoms van die gemeente. Hier moet ons mekaar bemoedig en aanmoedig om die Here te prys.

Dit is ook hier dat die Here met blydschap gedien word. Wanneer ons tot eer van sy Naam saamkom, dien ons Hom met blydschap. Maar hierdie diens moet van daar ook verder gaan en ons hele lewe insluit.

Psalm 100 praat nie net van lof en blydschap in die wydste kring nie, maar ook lof en blydschap wat voortduur. Dit gaan voort met 'n uitsig op die ewigheid, want die Here se troue liefde duur van geslag tot geslag!

*Sing: Psalm 100:1-4*

*Dr F van der Walt (Bellville-Oos)*